## ‘n Nuwe Verbond, ‘n Nuwe Belofte   Omgeegroepe   26-31 Oktober 2014

**1. Lief en leed**
Deel met mekaar die lief en leed van die afgelope week, asook wat jou Sondag met die eredienste getref het.

**2. Ingenooi in God se rus en tyd**
Ons is nou in Koninkrykstyd - die tyd waarin die heerskappy van God op elke lewensterrein vier. Daarna breek Advent in Desember aan - die tyd waarin ons uitsien na die herdenking van die vervulling van die profesie oor die Messias. Dit is Christus, Jesus ons Verlosser! Advent beteken “koms” of “aankom” en dit is die tyd van afwagting op die koms van Jesus Christus met Kersfees. Word stil voor die Here en begin solank uitsien na die viering van sy koms na die mensdom.

**3. Luister na God se Woord**
Lees nou Genesis 15 en Hebreërs 8: Die gedeeltes gaan oor die verbond/e wat die Here met sy volk/e sluit. Genesis gaan oor God se verbond met Abraham, die vader van alle gelowiges en Hebreërs gaan oor die nuwe verbond wat God met sy nuwe volk gesluit het – waarvan ek en jy ook deel is. Dink en gesels oor hoe jy die verbond/e van God verstaan? Dink aan ander name vir die verbond en hoe jy dit vir iemand wat nie ‘n gelowige is nie, sal verduidelik.

**4. Luister na mekaar en die wêreld**
Ons leef in ‘n deurmekaar wêreld waar mense nie meer altyd integriteit toon en eerlik lewe nie. Deel belewenisse met mekaar waar mense aan jou of ander beloftes gemaak het wat hulle nie nagekom het nie. Hoe het jy dit beleef en wat was die uitkoms daarvan. Hoe laat dit jou teenoor daardie mense voel en watter druk plaas dit op jou eie integriteit en betroubaarheid?

**5. Luister nou weer na die Woord**
Kyk nou weer na Genesis 15 en Hebreërs 8. Hebreërs praat van ‘n nuwe verbond wat God met sy mense sluit – ‘n verbond waarvan Jesus Christus die Middelaar – die Hoëpriester is. Vergelyk die ou en die nuwe verbond in Genesis 15 en Hebreërs 8 met mekaar en bespreek dit. Gee aandag aan dinge soos die wet en genade; ‘n spesifieke volk en almal, gehoorsaamheid en geloof, offers en Christus, beperkte toegang en vrye toegang, tempel en mense as woonplek van God, ontrou van mense en getrouheid van die Here Jesus Christus, hernuwing en ewige vassstaan van die bepalings van die verbond asook wat in die ou en nuwe verbond deur God aan mense belowe word.

**6. Fokus op wat God doen**
Daar is ook baie ooreenkomste tussen die ou en die nuwe verbond. Die verbond (oud en nuut) is altyd die inisiatief van God. In wese is die verbond God se beloftes aan ons – God wat Homself aan ons belowe; en ons wat sy liefde en genade ontvang en dit moet beantwoord. Hy is ons God en ons is sy kinders! In Genesis 15 is Abraham teleurgesteld oor God, maar die Here bevestig sy beloftes (trou/verbond) aan Abraham. Tog kan Abraham nie sy kant van die liefdesooreenkoms met God nakom nie – so ook nie ek en jy nie! Hoe sou die verbond wat God tussen Hom en Abraham sluit (sny), verband hou met die offer van Jesus aan die kruis?

**7. Antwoord met jou lewe**
Ons het die voorreg om in die Nuwe Testamentiese tyd (tyd van die nuwe verbond) te lewe! Dit beteken dat daar nie elke slag bloed hoef te vloei om vrede tussen ons en God te maak nie, want Jesus Christus se bloed het eenmalig gevloei as ‘n vokome oofer aan God. Jesus is tegelykertyd ons Offer en ons Hoëpriester! Daarom dra ons die teken van die verbond – die Naam van God op ons voorkoppe. Die doop is die teken dat ek en jy ook in die nuwe verbond van God ingesluit is, dat God Homself aan ons belowe en dat ons elke dag in sy teenwoordigheid en liefde lewe!

**8. Bid nou saam**
- Verootmoedig julle voor die Here. Sê dankie dat Hy sy kant van die liefdesooreenkoms (verbond) nakom en dank Hom dat Hy Homself aan ons belowe. Bid dan dat ek en jy voluit as kinders van God sal lewe.
- Bid ook vir die dopelinge en hulle ouers en dat die Here hulle kinders deur hulle (en ons) en elke dag nader aan sy wil en liefde sal trek! Hulle is Ebert, seuntjie van Monique en Eben Ludik; Andre, seuntjie van Eunice en Andre Loots, Minanto, seuntjie van Antonia en Ronnie Erasmus en Chloe, dogtertjie van Marlene en Andrew Hayes.